

# St. Cuthbert
## 20 Maart

(sterf 687)

Cuthbert het as jongman by Melrose abdy in die destydse koninkryk van Northumbrië (moderne Engeland) ingetree waar hy in 661 tot prior verkies is. Tydens 'n uitbreek van die pes het hy volgens oorlewering talle wonderwerke verrig. Later word hy tot ab verkies en neem hy deel aan die belangrike Konsilie van Whitby. Hy gaan na Lindisfarne in Ierland waar hy tot biskop en ab van die Benediktynse klooster daar gewy word. Hy het baie rondgereis en die Evangelie verkondig en homself later as kluisenaar op 'n eiland gaan vestig. Nog steeds het hy die armes en siekes versorg tot en met sy dood by Lindisfarne. Sy graf het 'n bedevaartsoord geword en toe die Wikinge Lindisfarne in 875 verwoes het, is sy oorskot na Engeland geneem waar dit in 995 in Durham geplaas is. Daar het dit pelgrims vanoor die Britse eilande en Europa gelok en het dit een van die belangrikste Middeleeuse heiligdomme geword.

© Die Oratorium Uitgewery